# Zuid-Afrikaansche Boer Republieke

## Formele Stelling en Kennisgewing aan Saamstaan vir Selfbeskikking / Rigters Beweging

**5 Julie 2026** Verwysing: ZABR/Not/SS/2026-36

**Van:**

ZABR Tydelike Adviesraad
Kroonkop Landgoed, Schuilklip
Utrecht Distrik
Natal, Port Natal

E-pos: zab@zaboervolk.com
Webwerf: www.zaboervolk.com

**Aan:**

**Saamstaan vir Selfbeskikking / Rigters Beweging**

Mnr. Jannie Meyer (072 [redacted] - Saamroeper) jannie[redacted]

Mnr. Willie Cloete (083 [redacted] - Rolspeler) willie[redacted]

Mnr. Jann Schlebush (072 [redacted] - Rolspeler)

**Onderwerp: Formele Stelling en Kennisgewing van Identiteit, Onafhanklikheid en Nie-Verbondenheid – Geen Mandaat aan die "Saamstaan vir Selfbeskikking" / "Rigters Beweging"-Inisiatief**

Geagte Mnre. Meyer, Cloete en Schlebush.

Die Tydelike Adviesraad van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR), gemandateer deur die Deklarasie van Onafhanklikheid van die "100 Man" (12 Julie 2025) en verteenwoordigend van die Kollektiewe Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB), rig hierdie formele kennisgewing aan u.

## I. AANHEF – Wie het die Reg om namens die kollektiewe Boervolk te praat?

Laat daar geen misverstand bestaan nie:

Die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke is die enigste administratiewe liggaam met 'n geldige, kollektiewe en volkeregtelike mandaat van die Boervolk. Hierdie mandaat is nie "self uitgeroep" nie, maar spruit uit die historiese soewereiniteit van die Boervolk, die Gelofte van Bloedrivier, die stigting van die 21+ Boer Republieke, die Zuid-Afrikaansche Boervolk se Deklarasie van Onafhanklikheid van "100 Man en die formele voorlegging by die *United Nations Permanent Forum on Indigenous Issues* (UNPFII) op 26 Februarie 2026.

Enige persoon, organisasie of beweging wat sonder hierdie mandaat namens die Boervolk optree, tree buite sy reg op. Enige uitspraak, dokument of ooreenkoms sonder die ZABR se uitdruklike goedkeuring is niksseggend en van geen waarde.

Die ZABR plaas die "Saamstaan vir Selfbeskikking" / "Rigters Beweging"-inisiatief hiermee op rekord dat hul **geen mandaat het om namens die Boervolk op te tree, segsmanne aan te wys, 'n Blouskrif op te stel, of enige aanspraak te maak op die verteenwoordiging van die Boervolk nie**.

## II. DIE ONONDERHANDELBARE GRONDSLAG

Hierdie stelling rus op die volgende sewe ononderhandelbare pilare (volledig uiteengesit in **Bylaag A**):

1. Die Boervolk se Soewereine Pleit
2. Formele Volkereg en Internasionale Kennisgewing by die Verenigde Nasies
3. Teokratiese Beginsel as Onvervreembare Kern
4. 21+ Historiese Boer Republieke se Outonomie

5. Verwerping van Afrikaner-nasionalisme as Agent vir Identiteitsroof
6. Verwerping van die Westminster partypolitieke stelsel
7. Verwerping van sisering ideologieë

**III. KONTRAS MET DIE "SAAMSTAAN / RIGTERS BEWEGING"-INISIATIEF: Hoe die "Saamstaan"-Dokument die Boervolk se Pilare Ondermyn**

Die TAR het kritieke beginsel-probleme met die inisiatief se Visie, Misie en Waardestelsel (sien **Bylaag B** vir 'n volledige item-vir-item ontleding).

Verskeie sleutel rolspelers by die inisiatief (insluitend uself, Dan Roodt, TABOK Trust, en ander verbonde aan die Boere-Afrikaner Volksraad, 235-beweging, Volkskrag en Kaapse siseeringsaksies) is entiteite wat nie die onderskeid tussen Boer en Afrikaner tref nie, wat pro-Afrikaner voorstaan en die Boer-identiteit konsekwent assimileer.

Die ZABR erken goeie bedoelings, maar herhaal wat reeds in vorige openbare kennisgewings gestel is (aangeheg as Aanhangsels): samewerking is slegs moontlik waar daar **volledige ooreenstemming in beginsels en waardes** is, en waar die suiwer teokratiese Boer-identiteit en die mandaat van "100 Man" gerespekteer word.

**IV. FORMELE STELLING EN VERSOEKE**

Die ZABR se onwrikbare standpunt gegrond op bogenoemde ontleding en handelend uitsluitlik namens die Boervolk met volle mandaat en gesag is om hiermee vriendelik dog ferm, formeel en onherroeplik aan Saamstaan vir Selfbeskikking / Rigters Beweging die volgende mee te deel (volledig uiteengesit in **Bylaag C**):

1. Dat daar geen deelname aan die "Saamstaan"-Saamkoms bestaan en geen aanspraak op verteenwoordiging van die Boervolk is nie;
2. Geen Erkenning van die "Rigters Beweging" se Gesag – Nie segsmanne "namens die Boervolk" aanwys of betrek nie;
3. Geen ~~Nul~~waarde aan enige uitspraak sonder ZABR-mandaat – Die ZABR is die enigste gemandateerde administratiewe liggaam van die kollektiewe Boervolk;
4. Die Teokratiese Toets – 'n Ononderhandelbare vereiste;
5. Die Voortgesette Identiteitsroof wat as hoogverraad teen die Boervolk geïmpliseer kan word - Die gebruik van Boer-identiteit, volkereg, kultuur, geskiedenis, erfenis, simbole, embleme, vlae (insluitend die subtiele vertoon van die ZAR-vlag), slagspreuke (soos "Eendrag maak mag") en verwante terme behoort met groot omsigtigheid hanteer te word. Waar sodanige gebruik moontlik tot

wanvoorstelling, misleiding of die onregmatige toe-eiening van hierdie identiteit kan lei, behoort dit so spoedig moontlik aangespreek en reggestel te word.

6. 'n Direkte waarskuwing aan die Boervolk - teen deelname aan inisiatiewe of enige ander oorkoepelende platform — wat hul identiteit onder die dekmantel van "eenheid," "saamstaan," of "samewerking" aan Afrikaner-nasionalisme opoffer.

**V. SLOT**

Gesag, Geskiedenis en Gehoorsaamheid aan Die Almagtige se Woord - Laat daar geen misverstand bestaan nie:

Die ware historiese Boervolk bestuur haar eie sake. Hierdie bestuur word nie uitgeoefen deur individue met persoonlike ambisies nie. Dit word nie uitgeoefen deur organisasies sonder mandaat nie. Dit word nie uitgeoefen deur bewegings wat onder die dekmantel van "eenheid" die Boervolk se identiteit wil oorkoepel nie.

Hierdie bestuur word uitgeoefen deur die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR) — die enigste administratiewe liggaam met 'n geldige kollektiewe Boervolk-mandaat — ondergeskik aan die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader, en bevestig deur die formele voorlegging van 26 Februarie 2026 by die *United Nasions Permanent Forum on Indigenous Issues*.

Enige inisiatief — hetsy "Saamstaan vir Selfbeskikking," "Rigters Beweging," of enige ander oorkoepelende platform — wat hierdie werklikheid ontken, hierdie gesag ignoreer, of hierdie mandaat ondermyn, word nie deur die Boervolk erken nie. Enige poging om so 'n inisiatief as 'n gesaghebbende stem vir die Boervolk te posisioneer, is misleiding, verraad, en 'n direkte aanval op die Boervolk se soewereine reg om oor haar eie aangeleenthede te besluit.

- Die ZABR se standpunt en beginsels is nie te koop nie.
- Die Boervolk se identiteit is nie onderhandelbaar nie.
- Die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader is die enigste gesag.

Enige organisasie wat hierdie beginsels nie onvoorwaardelik aanvaar nie, kan nie — en sal nie — namens die Boervolk praat nie.

Hierdie kennisgewing word uitgereik in die gees van die Witvlag-proses — te goeder trou en met die strewe na vrede en regverdigheid voor die Almagtige Hemelse Vader, **om vir HOM 'n volk te wees soos deur die Boervolk beloof.**

**Voorbehoud van Regte**

Hierdie dokument verteenwoordig 'n vreedsame, goede-trou uitdrukking van die historiese *Boervolk*, gesamentlik en deursigtig nagestreef deur betrokke landgenote, en nie namens enige organisasie, politieke liggaam, kommersiële entiteit of eksterne belang nie. Alle verklarings hierin word uitsluitlik in die wettige belang, waardigheid en beskerming van die *Boervolk* self gemaak.

In ooreenstemming met gevestigde Gemenereg-maksimes en internasionaal aanvaarde regsbeginsels, waar geen wettige skade, besering of bewese slagoffer bestaan nie, ontstaan daar geen wettige oorsaak van aksie nie. Gevolglik mag geen jurisdiksie of nadelige regsafleiding wettiglik geheg word sonder 'n behoorlik gevestigde en wettige regsoorsaak van aksie nie.

Niks in hierdie dokument moet geïnterpreteer word as 'n afstanddoening van regte, onderwerping aan onwettige jurisdiksie, of toestemming tot onredelike of onregverdige proses nie. Alle regte, regsmiddels en wettige beskerming word uitdruklik sonder vooroordeel voorbehou. Hierdie dokument bevestig respek vir wettige gesag, behoorlike proses, menswaardigheid en vreedsame oplossing onder erkende regsstandaarde.

**Geteken te goeder trou vir en namens die Boervolk-kollektief deur die ZABR Tydelike Adviesraad:**

……………………………………………

/s/ **Wicus** van die familie **Schoeman**

**Voorsitter**, Tydelike Adviesraad

……………………………………………

/s/ **Isaac** van die familie **van Heerden**

**Sekretaris-Generaal**, Tydelike Adviesraad

……………………………………………

/s/ **Rudolph** van die familie **van Jaarsveld**

**Hoof Reg-Bemiddelaar**, ZABR Volkshof

**Bylaes:**

- Bylaag A: Sewe Ononderhandelbare Pilare van die Boervolk
- Bylaag B: Item-vir-item Ontleding van die Saamstaan / Rigters Beweging-dokumentasie
- Bylaag C: Formele Stelling

**Bronne:**

‘n Skakel na die volledige kennisgewing aan UNPFII, kan onderaan hierdie berig gevind word:

https://www.zaboervolk.com/26-2-26.htm

**Aanhangsels:**

- ZABR_Openb_Ken_001 – Kennisgewing aan ander groeperings en bewegings
- ZABR_Openb_Ken_007 – Formele Kennisgewing van Identiteit, Onafhanklikheid en Nie-Verbondenheid

**BYLAAG A: Sewe Ononderhandelbare Pilare van die Boervolk**

1. **Die Boervolk se Soewereine Pleit**

   Die Boervolk pleit om haar vryheid, haar grondgebied en haar onafhanklikheid — **slegs en uitsluitlik by haar Almagtige Hemelse Vader**. Hierdie pleit is nie ’n politieke strategie, 'n onderhandelings taktiek, of 'n versoek aan enige aardse gesag nie. Dit is die volle en onomwonde opeising van 'n Goddelike reg — 'n reg wat deur geen mens, regering, organisasie of internasionale forum aan die Boervolk gegee of weggeneem kan word nie.

   Die Boervolk erken geen aardse gesag as hoër of geldiger as die Woord van die Almagtige Hemelse Vader nie. Hierdie erkenning is ononderhandelbaar. Dit is nie 'n punt vir "gesprek" of "konsensus" nie. Dit is die onwrikbare fondament waarop elke besluit, elke optrede en elke alliansie van die Boervolk gebou sal word.

2. **Formele Volkereg kennisgewing by die Verenigde Nasies**

   Die Boervolk se strewe na erkenning en kennisgewing as inheemse volk is reeds formeel ingedien by die UNPFII op 26 Februarie 2026. Die ZABR is die enigste liggaam met ’n geldige mandaat.

   Hierdie voorlegging is nie 'n persoonlike inisiatief, 'n gesaglose poging, of 'n spekulatiewe aansoek nie. Dit is die geldige en wettige optrede en herstel van rekord en status van die ZABR — die enigste administratiewe liggaam met 'n geldige kollektiewe Boervolk-mandaat.

   Die implikasie is duidelik: enige entiteit wat na hierdie datum namens die Boervolk oor selfbeskikking, volkereg of internasionale erkenning praat, sonder die ZABR se deelname, praat sonder gesag en sonder mandaat.

   Tydens 3 geleenthede, in 1994, 1996 en 2005, is die Afrikaner Volksfront en Vryheidsfront se petisies om erkenning as inheemse volk, deur die UNPFII verwerp aangesien die Afrikaner nie ‘n kohesiewe volk kan vorm nie: “*The UN Human Rights Committee and African Union found that **Afrikaners do not constitute an indigenous or oppressed people, and their diverse composition undermines their claim to volkereg***”.

3. **Die Teokratiese Beginsel as Onvervreembare Kern**

   Die Boervolk se unieke kultuur word primêr bepaal deur haar vertroue in die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader as enigste en hoogste gesag.

   Hierdie teokratiese beginsel is nie 'n bykomstige kulturele kenmerk nie. Dit is nie 'n historiese nuanse of 'n teologiese voorkeur nie. Dit is die kern en fundamentele lewensbloed van wat dit beteken om 'n Boer te wees en bepaal sy identiteit. Dit is die onderskeidende kenmerk wat die Boervolk skei van alle ander volke, insluitend

die Afrikaner. Dit is die grondslag waarop die Boer Republieke gestig is. Dit is die beginsel wat ons voorvaders in die Groot Trek gedryf het. Dit is die geloof wat ons volk deur twee vryheidsoorloë en 'n honderdtal vryheid gevegte gedra het.

Enige inisiatief — organisasie, beweging of politieke platform — wat hierdie teokratiese beginsel nie as absolute en onvervreembare kern in hul administrasie, grondwet en regerings filosofie erken nie, staan van nature buite die Boervolk. Sulke inisiatiewe kan nie — per definisie, per geskiedenis en per reg — namens die Boervolk optree nie.

4. **Die 21+ Historiese Boer Republieke se Outonomie**

   Die Boervolk soek nie ’n enkele “Boere Staat” nie, maar die erkenning van die outonomie en vryheid van al 21+ historiese Boer Republieke, soos vervat in die ZAB se Deklarasie van Onafhanklikheid.

   Hierdie Deklarasie erken elke historiese Boer Republiek — insluitend maar nie beperk tot die Republiek van Swellendam (1795), die Republiek van Graaff-Reinet (1795–1796), die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR, 1852–1877, 1881–1902), die Oranje-Vrystaat (1854–1902), die Republiek Zoutpansberg (1835–1864), die Natalia Republiek (1839–1843), die Republiek van Stellaland (1882–1883), die Nuwe Republiek (1884–1888), die Republiek Upingtonia (1885–1887), die Republiek Lydenburg (1849–1860), die Republiek Utrecht (1854), die Republiek Kliprivier (1847–1848), die Republiek Winburg (1836–1844), die Republiek Potchefstroom (1838–1844), die Republiek Winburg-Potchefstroom (1844–1845), die Republiek van die Oranje-Vrystaat (1854–1902), die Nieuwe Republiek/Vryheid (1884–1888), die Klein Vrystaat (1886–1891), die Staat Goshen (1882–1883), die Verenigde Staten van Stellaland (1883–1885), die Bantoestan van Kangwane (1977–1994) en die Bantoestan van KwaNdebele (1977–1994) — as regmatige, onafhanklike entiteite met eie gesag, eie grondgebied en eie volkereg.

   Enige inisiatief wat hierdie historiese realiteit ignoreer, verwater of vervang met 'n vaag begrip van "selfbeskikking vir Afrikaanssprekendes," ontken die Boervolk se regmatige erfenis en volkeregtelike grondslag.

5. **Verwerping van Afrikaner-nasionalisme as Agent vir Identiteitsroof**

   Afrikaner-nasionalisme en die breë oorkoepelende inisiatiewe wat daaruit voortgespruit het, het die Boervolk se identiteit en volkereg histories en sistematies geannekseer. Hierdie proses het begin met die Kaaps-Hollandse elite se verwerping van die Republikeinse aspirasies van die Boervolk in die vroeë negentiende eeu, dit is verder ontwikkel deur volksvreemde stelsels wat geïmplementeer was deur die Afrikanerbond se politieke inisiatiewe van die laat negentiende eeu. Dit het sy volle momentum bereik in die twintigste eeu se

Afrikaner-nasionalistiese bewegings — die Nuwe Afrikaanse Party, die Ossewabrandwag, die Herenigde Nasionale Party, en uiteindelik die apartheidsera se administrasie — wat die Boer by magte geabsorbeer het binne 'n breër, onpersoonlike en uiteindelik onsuksesvolle nasionale identiteit.

Bewegings soos die "Rigters Beweging", die Afrikaner Nasionale Beweging (ANB), die Boere-Afrikaner Volksraad (BAV) en ander "Boere-Afrikaner"-konsolidasie-inisiatiewe handhaaf hierdie anneksasie steeds vandag nog. Hierdie organisasies verklaar openlik dat "Boer en Afrikaner dieselfde mense" is — 'n stelling wat die Boervolk se onafhanklike, anti-koloniale erfenis ontken, haar teokratiese grondslag ignoreer, en haar reg op selfbeskikking onder 'n breër nasionalistiese dekmantel wegsteek.

Hierdie identiteitsroof — die stil, sistematiese en berekende anneksasie van die Boervolk binne 'n identiteit wat nie haar eie is nie — word deur die ZABR as hoogverraad teenoor die Boervolk en haar outentieke volksbestaan beskou.

6. **Verwerping van die *Westminster* partypolitieke stelsel**

   Die Boervolk verwerp die Westminster-partypolitieke stelsel wat sedert die onwettige anneksasie van 1902 en die Unie van 1910 aan haar opgedwing is. Hierdie stelsel, saam met die huidige RSA-Grondwet en Kieswet, word nie deur die Boervolk erken nie. Die Boervolk het nog nooit haar goedkeuring aan hierdie stelsel verleen nie en doen dit ook nie nou nie. **Deelname aan verkiesings, steun aan politieke partye of enige poging om binne hierdie raamwerk hervorming te soek, verleen legitimiteit aan ’n stelsel wat die Boervolk se soewereiniteit ontken**. Die ZABR distansieer hulself volledig van enige vorm van partypolitiek en beskou dit as onversoenbaar met die Boervolk se teokratiese mandaat en historiese verwerping van die RSA-bestel.

7. **Verwerping van sisering ideologieë**

   Die Boervolk verwerp alle fragmentariese siserings-ideologieë (insluitend Kaapse onafhanklikheid, afskeiding van dele van die land, of enige ander territoriale verdeling) wat nie die volle erkenning van al 21+ historiese Boer Republieke insluit nie. Sulke ideologieë is selfsugtig, ignoreer die opofferings van Boervolk-volksgenote buite die betrokke gebied, en ondermyn die kollektiewe soewereiniteit van die Boervolk. Die ZABR beywer hom nie vir afskeiding van ’n stukkie grond nie, maar vir die erkenning van die outonomie en vryheid van al die historiese Boer Republieke. Enige siserings-poging word as ongeldig beskou en het nie die steun van die Boervolk nie.

**BYLAAG B: Item-vir-item Ontleding van die Saamstaan / Rigters Beweging-dokumentasie**

Kontras met Saamstaan vir Selfbeskikking se dokumentasie en betrokke rolspelers:

Die dokument getiteld "Saamstaan vir Selfbeskikking" (ook bekend as die "Rigters Beweging"), Saamstaan se Visie, Misie en Waardes asook andere — wat 'n saamkoms gepromoveer het vir 6 Junie 2026 — bevat stellings wat direk en onomwonde teenstrydig is met elkeen van die Boervolk se sewe ononderhandelbare pilare.

Dit is duidelik dat Saamstaan hom skuldig maak aan die voortgesette vermenging van Boer en Afrikaner; die strewe na ’n "Boer-Afrikaner Volk" terwyl daar na ‘n "Boerenasie" verwys word; 'n enkele “Boere Staat”; en die gebrek aan ’n suiwer teokratiese grondslag met die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader as enigste *Bill of Rights*.

1. **Die Identiteit amalgamasie: “Boere en Afrikaners”**

   Die dokumente verwys deurgaans na "Boere en Afrikaners" asof dit een volk, een entiteit, een gemeenskap is. Dit begin reeds in die eerste paragraaf: "Die wêreldorde het dramaties verander… ons volk." Die gebruik van die enkelvoud "ons volk" — toegepas op sowel Boere as Afrikaners — is die eerste en mees fundamentele ontkenning van die Boervolk se aparte identiteit.

   Die herhaalde frase "Boere en Afrikaners" deur die hele dokument dien as 'n taalkundige anker wat die twee identiteite permanent saamsnoer. Die dokument noem nooit die Boervolk se aparte volkeregtelike status nie. Dit stel nooit die vraag of die Boervolk 'n aparte volk is wat aparte verteenwoordiging benodig nie. In plaas daarvan word die Boervolk stilweg en sonder toestemming ingelyf by 'n breër "Afrikaner"-identiteit.

   Dit is nie samewerking nie. Dit is assimilasie.

2. **Die “Rigters Beweging” as Oorkoepelende Struktuur sonder Mandaat**

   Die dokumente stel "die beginsel van 'n 'Rigters Beweging' voor: 'n Platform van samewerking waar God as hoogste gesag erken word, waar diens belangriker as status is, en waar kundigheid, integriteit en gemeenskaplike doel voorop staan."

   Hierdie beskrywing bevat verskeie problematiese elemente:

   Eerstens: Die naam "Rigters Beweging" dra reeds 'n implisiete gesag aanspraak. Die Rigters van Israel was nie "fasiliteerders" of "saamroepers" nie — hulle was gesaghebbende leiers wat oor Israel geregeer het namens God. Die gebruik van hierdie naam deur 'n beweging wat beweer dat "nie een persoon belangriker as die ander is nie," is self ondermynend.

Tweedens: Die beskrywing dat "God as hoogste gesag erken word" is onvoldoende — en in die konteks van die Boervolk, misleidend. Soos reeds uiteengesit onder Pilaar 3, vereis die Boervolk se teokratiese grondslag nie bloot 'n "erkenning" van God se gesag nie, maar 'n volledige **onderwerping van alle administratiewe, grondwetlike en beleidsbesluite aan die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader**. Die verskil tussen "erken" en "onderwerp aan die volle Woord van God as enigste gesag" is nie 'n semantiese haarklowery nie — dit is die verskil tussen 'n sekulêre organisasie wat gebed hou, en 'n teokratiese volk wat deur haar Hemelse Vader regeer word.

Derdens: Die "Rigters Beweging" het geen mandaat van die Boervolk nie. Dit het nie deelgeneem aan die prosesse wat tot die ZABR se vorming gelei het nie. Dit het nie die Boervolk se instemming verkry nie. Dit het geen volkeregtelike gesag om namens die Boervolk op te tree nie. Enige platform wat deur die "Rigters Beweging" gefasiliteer word, is 'n platform sonder Boervolk-mandaat — en daarom 'n platform wat die Boervolk se belange nie kan verteenwoordig nie.

3. **Die Gelykstelling van Organisasies: "Nie een is belangriker as die ander nie"**

Die dokumente verklaar: "Nie een persoon, organisasie of beweging is belangriker as die ander nie. Hierdie inisiatief poog nie om bestaande organisasies te vervang nie, maar om samewerking, vertroue en gesamentlike strategie moontlik te maak."

Hierdie klink op die oppervlak as "demokraties" en "inklusief." In werklikheid is dit 'n strategie van gelykstelling wat die ZABR se unieke en ononderhandelbare mandaat ontken.

Die ZABR is nie "net nog 'n organisasie" wat saam met ander in 'n "demokratiese platform" kan sit of debatte voer nie. Die ZABR is die enigste liggaam met 'n geldige kollektiewe Boervolk-mandaat. Hierdie mandaat is nie 'n titel wat deur 'n groep vriende toegeken is nie — dit is die volkeregtelike verpersoonliking van die Boervolk se soewereine gesag. Deur te sê dat "nie een organisasie belangriker as die ander is nie," word die ZABR se mandaat gelykgestel met die van enige self aangestelde Afrikaner-groep wat "kundigheid, integriteit en gemeenskaplike doel" beweer te hê.

Dit is 'n weiering om die ZABR se gesag te erken — vermom as "gelykheid." Maar gelykheid tussen entiteite met en sonder volkeregtelike mandaat, is nie gelykheid nie. Dit is die ondermyning van gesag deur diegene wat self geen gesag het nie.

4. **Jannie Meyer se Rol: Fasiliteerder of *De Facto* Leier?**

Die dokument stel dat "Jannie Meyer tree slegs op as saamroeper en fasiliteerder — nie as 'leier' van die inisiatief nie."

Hierdie kwalifikasie is problematies om verskeie redes:

Eerstens: Die feit dat Jannie Meyer se naam alleen genoem word as die saamroeper en fasiliteerder — terwyl geen ander leier of organisasie se naam genoem word nie — skep reeds 'n *de facto* leierskap profiel. Die dokument is deur hom versprei. Die uitnodiging kom van hom. Die "Rigters Beweging" dra sy stempel. In die praktyk — ongeag die etiket van "fasiliteerder" — is hy die gesig en die stem van hierdie inisiatief.

Tweedens: Selfs as Meyer werklik slegs 'n "fasiliteerder" is, is die platform wat hy fasiliteer een wat die Boervolk se identiteit oorkoepel. Die ZABR het nie 'n behoefte aan 'n "fasiliteerder" wat die Boervolk en Afrikaner-nasionalisme bymekaar bring nie. Die ZABR het 'n behoefte aan erkenning van haar outonome volkeregtelike status — 'n erkenning wat deur hierdie inisiatief nie slegs geweier word nie, maar aktief ondermyn word deur die Boervolk as 'n subkomponent van 'n breër "Boere-Afrikaner"-entiteit te posisioneer.

5. **Die Volledige Afskeep van die 21+ Boer Republieke**

Saamstaan se Visie lees "... *ons eie onafhanklike Boere Staat*": Die dokument noem nie — nie in een woord nie — **enige** van die 21+ historiese Boer Republieke. Dit stel nie die erkenning van enige van hierdie Republieke se outonomie as 'n doelwit voor nie, eerder 'n "Boere Staat". Dit staan lynreg teen die ZAB se Deklarasie van Onafhanklikheid.

In plaas daarvan word 'n vaag begrip van "selfbeskikking" bepleit sonder enige historiese of volkeregtelike grondslag. "Selfbeskikking vir wie?" – "ons" – word nooit presies beantwoord nie. "Selfbeskikking in watter vorm?" word nie uitgespel nie. Die enigste kriteria wat genoem word, is taal — "almal wat Afrikaans praat" — 'n kriteria wat die Boervolk se unieke Republikeinse erfenis opgaar in 'n ongedifferensieerde massa van taalgenote.

Die Boervolk se selfbeskikking is nie 'n taalkundige saak nie. Dit is 'n volkeregtelike, historiese en teokratiese saak — gewortel in 21+ onafhanklike Republieke, bevestig deur die volle Woord van die Hemelse Vader, en ingedien by die Verenigde Nasies as die reg van 'n aparte inheemse volk. Die "Saamstaan"-inisiatief ignoreer al drie hierdie dimensies.

6. **Die Oproep tot "Eenheid" as Masker vir Assimilasie**

Die dokumente se kernboodskap is "eendrag maak mag" — 'n oproep tot eenheid bo alles. "Die tyd van verdeeldheid, persoonlike verskille en onderlinge konflik behoort tot die verlede," word verklaar.

Hierdie retoriek is gevaarlik, omdat dit die verskil tussen gesonde eenheid en gedwonge assimilasie verdoesel. Ware eenheid vereis dat partye hul verskille eerlik erken en daarin ooreenkom om die grondslae wat hulle verenig, te eerbiedig.

Gedwonge assimilasie — wat die "Saamstaan"-inisiatief bepleit — vereis dat die een party (die Boervolk, met haar aparte identiteit en volkeregtelike status) haar unieke kenmerke opgee om by die oorkoepelende party (Afrikaner-nasionalisme, met sy breër basis en historiese mag) in te pas.

Die Boervolk se "verskille" met Afrikaner-nasionalisme is nie "persoonlike verskille" of "onderlinge konflik" nie. Dit is fundamentele verskille in identiteit, geskiedenis, geloofsbeginsels en volkeregtelike status. Om hierdie verskille te ignoreer in die naam van "eenheid," is nie versoening nie — dit is die uitwissing van die een identiteit deur die ander.

Saamstaan se Misie lees "*Ons vyand se vyand is ons vriend*": Die vyand van die Boervolk se vyand, is nie noodwendig die Boervolk se vriend nie!

Saamstaan se Waardes lees "*Uitgeslape soos die slang* ...": Hierdie waardes strook nie met die Boervolk se waardes nie!

---

**BYLAAG C: Formele Stelling**

1. **Geen deelname aan "Saamstaan"-saamkomste**

   Die ZABR het nie deelgeneem aan die saamkoms op 6 Junie 2026 wat deur die "Saamstaan vir Selfbeskikking" / "Rigters Beweging" georganiseer was nie — hetsy persoonlik, virtueel, of deur middel van enige verteenwoordiger. Geen verteenwoordiger van die ZABR het hierdie saamkoms bygewoon nie. Die ZABR het nie die legitimiteit van hierdie byeenkoms erken as 'n forum vir die bespreking van die Boervolk se selfbeskikking nie.

2. **Geen Erkenning van die "Rigters Beweging" se "gesag"**

   Die ZABR erken nie die "Rigters Beweging," die "Saamstaan vir Selfbeskikking"-inisiatief, of enige geassosieerde persoon, organisasie of platform as 'n geldige beskikkings platvorm vir die Boervolk nie. Die ZABR erken nie Jannie Meyer of enige ander individu as 'n gesaghebbende stem namens die Boervolk nie. Die ZABR erken nie die "Rigters Beweging" se gesag om die Boervolk se selfbeskikking, identiteit, volkereg of toekoms te definieer, te onderhandel of te bepaal nie.

3. **Geen waarde aan enige uitspraak sonder ZABR-mandaat**

   Enige uitspraak, dokument, ooreenkoms, resolusie of verklaring wat deur die "Saamstaan vir Selfbeskikking" / "Rigters Beweging"-inisiatief gemaak word — hetsy op 6 Junie 2026 of op enige ander datum — en wat beweer om die Boervolk te verteenwoordig, die Boervolk se posisie weer te gee, of namens die Boervolk op te tree, is van geen waarde sonder die uitdruklike mandaat, deelname en goedkeuring van die ZABR nie.

Hierdie ongemagtigde aannames geld op alle vlakke: volkeregtelike, administratiewe, politieke, moreel en histories. Enige entiteit — individu, organisasie of regering — wat op 'n uitspraak van die "Saamstaan"-inisiatief vertrou as 'n weerspieëling van die Boervolk se posisie, doen dit op eie risiko en sonder enige grond in werklikheid van die Boervolk se mandaat.

4. **Die Teokratiese Toets – 'n Ononderhandelbare Vereiste**

   Geen organisasie, beweging of inisiatief — insluitend die "Saamstaan vir Selfbeskikking" / "Rigters Beweging" — kan namens die Boervolk optree of praat tensy dit die volgende teokratiese toets slaag:

   a. Erkenning van die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader as die enigste en hoogste gesag in alle aangeleenthede van administrasie, grondwet, regering en volksbestaan;
   b. Erkenning van die Boervolk as 'n aparte inheemse volk met 'n aparte volkeregtelike status – Boervolk eksklusief;
   c. Erkenning van die ZABR as die enigste administratiewe liggaam met 'n geldige kollektiewe Boervolk-mandaat;
   d. Erkenning van die 21+ historiese Boer Republieke se outonomie soos vervat in die ZAB se Deklarasie van Onafhanklikheid;
   e. Erkenning van die Boervolk se volle onafhanklikheid van Afrikaner-nasionalisme en alle breër nasionalistiese raamwerke.

   Die "Saamstaan vir Selfbeskikking" / "Rigters Beweging"-inisiatief slaag geen van hierdie toetse nie en staan dus buite Boervolk beginsels. Daarom kan hulle nie namens die Boervolk optree nie. Daarom is enige poging om dit as 'n gesaghebbende stem vir die Boervolk te posisioneer, 'n misleiding van die hoogste orde.

5. **Die Voortgesette Identiteitsroof wat as hoogverraad teen die Boervolk geïmpliseer kan word**

   Die ZABR bevestig haar oorspronklike stelling dat die identiteitsroof van die Boervolk deur Afrikaner-nasionalistiese inisiatiewe — insluitend die "Rigters Beweging" — as hoogverraad teenoor die Boervolk beskou kan word. Hierdie verraad is nie 'n geskiedkundige feit wat tot die verlede behoort nie. Dit is 'n voortgesette, sistematiese aktiewe proses wat deur dokumente soos die "Saamstaan vir Selfbeskikking"-uitnodiging, deur byeenkomste soos die een wat beplan was vir 6 Junie 2026, en deur organisasies wat onder die dekmantel van "eenheid" en "saamstaan" opereer, aan die gang gehou word.

   Die ZABR sal nie stilbly terwyl die Boervolk se identiteit stuk vir stuk verder opgeoffer word op die “altaar” van 'n breër nasionalistiese agenda nie.

6. **'n Direkte Waarskuwing aan die Boervolk**

Die ZABR waarsku alle Volksgenote teen deelname aan inisiatiewe — hetsy die "Saamstaan vir Selfbeskikking," die "Rigters Beweging," of enige ander oorkoepelende platform — wat hul identiteit onder die dekmantel van "eenheid," "saamstaan," of "samewerking" aan Afrikaner-nasionalisme opoffer.

Die ware stryd van die Boervolk is nie 'n stryd vir erkenning binne 'n breër Afrikaner-raamwerk nie. Dit is 'n stryd vir volle volkeregtelike erkenning as 'n onafhanklike, teokraties-gefundeerde, inheemse volk — 'n erkenning wat reeds deur die Almagtige te Bloedrivier en Paardekraal bevestig is en formeel by die UNPFII ingedien is, en wat deur geen ander entiteit as die ZABR behartig, verteenwoordig of onderhandel kan word nie.

Enige Volksgenoot wat deelneem aan die "Saamstaan"-saamkoms of aan die "Rigters Beweging"-platform, doen dit in hul persoonlike hoedanigheid — nie as verteenwoordiger van die Boervolk nie, en nie met die goedkeuring of mandaat van die ZABR nie. Sulke deelname word deur die ZABR nie as 'n legitieme uitdrukking van die Boervolk se wil beskou nie, en kan nie aangevoer word as bewys van "Boer-steun" vir die "Saamstaan" of soortgelyke inisiatiewe nie.